REISA

Renewable Energy Investments South Africa

KWARTAAL 3 2023

# NUUSBRIEF





## BRING OUERS NA DIE **ONDERWYSTAFEL**

In ons deurlopende verbintenis om onderwys te verbeter, is ons opgewonde om die sukses van ons program om ouers na die onderwystafel te bring, "Bringing Parents to the Education Table" (BPET), te deel. Negentien toegewyde onderwysers is opgelei om as ondersteuneronderwysers te dien, en hulle het vyf impakvolle BPET-werkswinkels gelei. Met gemiddeld 165 ouers wat elke werkswinkel en die daaropvolgende gradueringseremonie bygewoon het, het hierdie program bewys dit is die moeite werd.

Die BPET-program, wat in Augustus met 'n gedenkwaardige toekenningseremonie afgesluit het, is ontwerp om ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoeding te verhoog, ouer-onderwyser-verhoudings te bevorder en leerders se akademiese prestasie te verbeter. Dit verskaf aan ouers waardevolle inligting en vaardighede wat hulle tuis kan toepas om gesonde, gelukkige en suksesvolle kinders groot te maak.




**Een van die onderwysers by Deben Laerskool het die volgende te sê:** "Daar was goeie spanwerk onder al die onderwysers in die program. Die 'emosionele tenk' het 'n diep indruk op my lewe as 'n onderwyser gemaak, aangesien ek elke dag in my klas die leerders se tenks volmaak, en omdat ek die belangrikheid van hierdie aktiwiteit besef, het ek nou 'n gelukkiger klas. Die ouers implementeer ook dit wat hulle in die werkswinkels geleer het by die huis, en hulle kan die verskil sien wat dit in hulle kinders se lewens maak."



## INTERNSKAP**PROGRAM**

In kwartaal 3 het ons 'n 18 maande lange internskapprogram vir gemeenskapsbedrywighede bekend gestel, en as deel van hierdie inisiatief is Christopher Teleko as die intern vir gemeenskapsbedrywighede aangestel, met ons plaaslike kantoor in Kathu as sy basis.

Christopher sal in sy rol begrip aanleer wat hom in staat sal stel om tot die ontwikkeling en ondersteuning van REISA Solar se gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe by te dra.

"Ek is 'n selfgemotiveerde, energieke jongmens wat die gemeenskap se belange op die hart dra. Ek glo sterk dat ek, met die ervaring wat ek die afgelope paar jaar opgedoen het, 'n bate vir die Gamagara-gemeenskappe sal wees. Ek is baie opgewonde oor hierdie geleentheid, aangesien ek meer sal leer oor die gemeenskapsontwikkeling in 'n wyer sfeer, en aan nuwe uitdagings en geleenthede blootgestel sal word," **sê Christopher.**

# VROUEMAAND-INISIATIEF: **VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BAKOPLEIDINGPROGRAMME**

Ter ere van Vrouemaand het ons 'n bakopleidingsprogram geborg wat ontwerp is om bystand en bemagtiging aan vroue in die plaaslike Mapoteng-gemeenskap te bied.

Tien merkwaardige vroue het by hierdie inisiatief gebaat, wat in samewerking met die Mapoteng-vrouebemagtigingsgroep aangebied is. Hierdie samewerking poog om vroue deur entrepreneurskap, onderwysopleiding, vaardigheidsontwikkeling en werkskepping te bemagtig.






# OPHEFFING VAN **SPORT**

Ons verstaan hoe belangrik sportontwikkeling in ons plaaslike gemeenskappe is, en ter ondersteuning hiervan het ons die Sesheng Atletiekklub gehelp met vervoer om die Kaapstad Marathon by te woon, en T-hemde met logo's op aan 15 hardlopers geskenk.

Die Sesheng Atletiekklub is gestig om 'n gesonde leefstyl deur hardloop en stap in die Kathu-gemeenskap en omliggende gebied te bevorder, asook om die ontwikkeling van elitehardlopers te ondersteun.

"Hierdie ondersteuning is 'n voorbeeld van ons verbintenis om 'n gesonde en aktiewe gemeenskap te bevorder. 'n Belegging in sportontwikkeling kan help om gemeenskappe byeen te bring, en deelname aan sport gee aan gemeenskapslede 'n gevoel van doelgerigtheid en behoort."
**– Shariefa Rhode, Gemeenskapsbedryfsbestuurder vir REISA Solar**

# 2023 **GEMEENSKAPS-VERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op REISA se aanlynplatforms deurgegee word.

# EKONOMIESE BESTEDING **KWARTAAL 3 2023**

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Jeugvaardigheidsontwikkeling
- Welsyn




# KONTAK **ONS**

REISAcommunity

Dynlog Bestuursontwikkeling Gebou
Blok B, Grondvloer, Kantoor 1
Kameeldoring Besigheidsone, Kathu, 8446

**Kantoorure:**
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30
Vrydag: 08:00 – 15:00
Kantoor | 053 723 1146

**Gemeenskapskakelbeampte**
Shariefa Rhode
Kantoor: +27 (0) 21 670 1400
Selfoon: +27 (0) 83 678 2498